

Calvyn se 500ste Verjaarsdag! -
Andries Combrink VDM. Leraar van die Presbiteriaanse Kerk.
- Soli Deo Gloria -

Johannes Calvyn is 500 jaar gelede op 10 Julie 1509 gebore. Sy lewe en bediening sou die standpunte oor die Christendom van baie miljoene Christene verander. Sy teologie het die denke van tien duisende predikante en teoloë geslyp en hy is die oorsprong van netsoveel denkers se Westerse siening van die staat, politiek, demokrasie, wetenskap en elke ander belangrike aspek van die lewe!

Hierdie is een verjaarsdag wat elkeen kan vier. Ons waardes en ons oortuigings is deur hierdie geniale teoloog, kerkman en staatsman verryk. Sy nederige geloof en toewyding en sy afhanklikheid van die werk van die Heilige Gees, bring mee dat sy denke steeds bydra tot die vorming van ons belangrikste menings oor elke krities belangrike saak waaroor ons nadink.

Calvyn se teologie word populêr opgesom deur na die vyf “sola’s” van die gereformeerde tradisie te verwys. “Sola” is die Latyn vir “enkel en alleen” of “net”. Dis Calvyn wat ons geleer het dat die volgende 5 waarhede uit God se Woord, beide in die kerk en in die gemeenskap, ons verstaan van God se waarheid lei:

- *Ons lewe “net tot eer van God”.*
- *Ons ken die Evangelie “net uit die heilige Skrif”.*
- *Ons word regverdig “net deur die toegerekende regverdigheid van Jesus Christus”.*
- *Ons word gered: “Net uit genade”.*
- *Ons word gered: “Net deur geloof”.*

Calvyn het die leier van die Protestante in Geneve, die hart van die hervorming in Europa, geword. Vanaf Geneve versprei die Gereformeerde geloof na Duitsland, Skotland onder leiding van John Knox ’n student van Calvyn, en na Engeland, Ierland, Nederland, Hongarye, Amerika en uiteindelik na al die uithoeke van die wêreld, insluitend die Nederlandse en Britse kolonies.

Vandag is meer as 50 miljoen mense wêreldwyd bekend as Gereformeerde, Hervormd of Presbiteriaans. Die naam Hervormd of Gereformeerde verwys na die feit dat Calvyn die Kerk volgens die Bybel wou hervorm of reformeer en Presbiteriaans verwys na Gereformeerdes se vorm van kerkregering met “presbiters” of te wel ouderlinge.

Calvyn het biblioteke vol boeke geskryf, want hy was voortdurend aan die klassee en het 5 maal per week gepreek. Hy het kommentare oor elke boek in die Bybel geskryf, maar sy *magnus opus* was die werk, “*Die Institusie van die Christelike geloof*”, wat in 1559 publiseer is. ’n Harde werker met fokus en passie, was hy in staat om ’n enorme klomp werk te produseer. Daar was toe geen, of ten minste baie min ander protestantse teologiese boeke en sy werke het die “handboeke van die kerk” geword. Die Institusie was en is die manifes van die Protestantse geloof. Dit het die denke van sy tyd in elke opsig uitgedaag en het die grondslag geword van die Westerse wêreldbeskouing.

Sy toewyding aan getrouheid aan die Skrif is net oortref deur sy passie daarvoor dat God sentraal in die lewe en bestaan van elke mens, die kerk en die staat moet wees. Vir gelowiges het dit na die soeke van ’n persoonlike lewe van geregtigheid gemotiveer, maar ook die kerk en staat is uitgedaag om op ’n wyse te bestaan wat erkenning daaraan gee dat God van elke mens en elke instelling rekenskap sal eis.

So is die strewe na sosiale geregtigheid gebore.

Ook die verantwoordelike omgang met die gawes van die natuur en die omgewing en die verstaan daarvan deur die wetenskap het belangrik geword, sodat ons goeie rentmeesters van God op aarde kan wees.

Calvyn se idees oor godsdienstige verdraagsaamheid en die skeiding van Kerk en Staat het uiteindelik gelei tot die vorming van die Westerse samelewing wat ons ken. Hy het nie geglo in ’n sekulêre staat nie, maar aan ’n onafhanklike kerk en ’n staat wat direk aan God vir sy doen en late moet rekenskap gee. Dit het uiteindelik die beginsel van soewereine universiteite en ’n wetenskap wat objektief en sonder teologiese beheer bedryf word, tot gevolg gehad. Hierdie bevryding van wetenskaplike denke en navorsing het aanleiding gegee tot die prestasies van die wetenskap en die tegnologie van ons dag.

Deur die eeue het die bevryding van die kerk, staat en wetenskap as gevolg van Calvinistiese sienings, talle groot denkers inspireer om deurslaggewende bydraes te maak tot die vorming van die samelewing en die wêreld. So was dit die Calvinisme van die VSA se President Woodrow Wilson en van Jan Smuts, premier van Suid Afrika, wat op 16 Desember 1918 geboorte aan die Volkebond gegee het, die voorloper van die Verenigde Nasies van vandag.

Sonder die denke van Johannes Calvyn sou ons wêreld totaal anders daar uitgesien het. Die bevryding van middeleeuse bygeloof en van kerk of staat oorheersde samelewings en die bevryding van die wetenskap, het die demokratiese ideaal van ons dag tot gevolg. Nou moet ons almal net weer daaraan herinner word dat elkeen net tot eer van God moet werk en sy vryheid moet gebruik om met verantwoordelikheid die Here elkeen in sy eie sfeer te dien: met geregtigheid, waarheid en heiligheid as riglyne uit die Woord vir ons hele lewe!

Nuwe liedere vir die Calvyn-fees geskryf!

Kerksang het geweldig gebaat by die Protestantse hervorming. Netsoos Luther het Calvyn ook vas geglo dat elke gewone lidmaat hartlik moet deelneem aan aanbidding deur gebruik te maak van musiek en liriek wat hy of sy verstaan en ons emosioneel raak. Die Protestantse beginsel van massa deelname aan sang en musiek was dalk een van die groter erflatings van die reformatie. Ons kon aan geen beter manier dink om Calvyn se “verjaarsdag te vier” nie, as om lirieke te ontwikkel wat die vyf “sola’s” van die Gereformeerde geloof op verstaanbare manier oordra en beklemtoon. Ons het eers net 5 Engelse lirieke geskryf, maar later het ook die volgende 5 Afrikaanse liedere tot stand gekom, wat die melodieë van bekende kerkliedere, met nuwe lirieke, hiervoor gebruik. Almal word genooi om dit sing, *maar nie vir kommersiële wins* nie, wat skending van kopië reg is.

(LB = Liedboek van die Kerk.)

1. Net aan God die eer - Soli Deo Gloria

Gesing op melodie van Liedboek van die Kerk (LB) 197.

Net aan God die eer.

Net aan God, die Here,
bring ons al die ere,
aan sy lof wy ons ons lewe!
Werk en leef o Vader,
bring ons altyd nader,
aan U doel met ons op aarde!
Net die Heer, sal regeer!
Leer ons loof en lewe
vir U, hoog verhewe!

Soewereine Here,
Koning van die hemel -
alle lof is U beskore!
In U almag, Vader,
saam voor U vergader,
jubel ons met hemelkore!
Net aan God! Grote God -
heerlikheid en ere,
jubel, prys die Here!

2. Net uit die Woord.

Melodie van “Majesteit.” LB 175.

Net Gods Woord

Hoor dit nou! Dit is die Heer wat praat!
Wat jou vrymaak, en lei en leer wat is goed!
Dis Gods Woord, geïnspireerde Woord,
als wat ek glo,
wat ek moet weet,
weet om te leef!
God skryf self met sy vinger
op kliptafels!
Deur die Gees
skryf die apostels sy Woord ook neer!
Net Gods Woord,
geïnspireerde Woord,
wys ons die Weg, Jesus die weg, net deur die Woord!

3. Net Christus alleen.

Melodie van LB 488

Net Jesus kan verlos

Jesus Christus, Redder, Verlosser,
die ware Lig op die paaie van ons reis.
Tot ons heel die wêreld die Lam van God kan wys -
sal net Jesus ons verlos!

Jesus, Heer, volmaak, goed en heilig!
U hou die wet, sterf - oorwin dan, U is God.
Vir my heiligheid hou U trou elke gebod -
want net Jesus kan verlos!

Jesus is die weg na die Vader!
Die Weg, die Waarheid, die Lewe dit is Hy!
As ons glo sal Jesus van sorg ons bevry,
want net Jesus kan verlos!

Net die Christus is Heer en Redder,
net Hy is Koning wat altyd sal regeer!
Hy's Verlosser, ons sal Hom met ons lewens eer -
dis net Jesus wat verlos,
dis net Jesus wat verlos,
net Jesus kan verlos!

4. Net uit genade alleen.

Melodie van Ps 118.

Net genade!

Ek is nou skoon, die bloed van Christus,
het as die vuurtong van die Gees,
my skoongebrand, geroep tot lewe,
want Gods genade 't my genees.
Dis net genade dat ek lewe!
Genade skenk my dié geloof!
Net uit genade is Gods liefde
aan my geskenk, soos Hy belooft!

Deur God die Gees vind ek vertrou,
en kan ek sien sy Woord is waar.
Net uit genade steeds behoue,
gekies en vir my God gespaar.
Ek weet ek het so baie kere,
net kwaad gedoen, oortree sy wet.
Maar uit genade geregverdig -
Ontferming leer: Genade red!!

5. Net Geloof alleen.

Melodie van LB 184

Net deur geloof

Net deur geloof
in die Here groei lewe en wyding!
Net deur geloof vind ons vreugde, 'n fees en bevryding!
Ja, ons sal glo,
wag op die gawes van bo,
want ons vertrou op sy leiding!

Net ons geloof
in die Redder oortuig Hy's die sterke!
Net deur geloof in die Seun plant ons lewende kerke.
Wie glo doen goed,
praat oor genade so soet,
eer God met liefde en werke!

Dit is Gods Gees
wat geloof skenk, Hy lei ons gebede.
Want deur sy goedheid en liefde gee Hy vir ons vrede.
Leer uit Gods Woord,
sekerheid kom daaruit voort:
Ek is sy kind en tevrede!